## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende die week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Ma | 05/05 | **Wilmarié du Plessis**. Wyk 4 |
| | | **Jandri Kroeze.**. Wyk 4 |
| | | **Marone Reinecke (2).** Wyk 4 |
| Sa | 10/05 | **Ina Roos.** Wyk 8 |

**Seënbede met meelewing Psalm 134: 4**

## FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Baie dankie vir die bestellings wat reeds geplaas is. **U het nog geleentheid tot môremiddag 12:00 om u bestellings te plaas by Pieter** 082 923 1384, **Malie** 072 373 7361, **ds. Jannes** 072 224 7181 of **Yolandé** 084 597 8903. Ons wil graag om 09:30 Woensdagoggend begin om die burgers te bou, en almal wat wil saamwerk, is hartlik welkom! Donasies van blaarslaai, tamaties is welkom; kontak ons vir die hoeveelhede indien u so 'n donasie wil maak.

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer!

Skandeer dié kode om bestellings te plaas

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 8 en 9 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 15 Sondag 4 Mei 2025
***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
**rudynell@telkomsa.net**

**Eredienste:** 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan.**
**Ouderlinge:** Wyk 3 **Nelis Coetsee** en Wyk 4 **Flip Mostert**
**Diakens:** Wyke 3 en 4 **Rudy van der Spoel**
**Skinkbeurt:** Wyke 8 en 9 **Wyksusters Ina Roos en Marli Nortjé**

## EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannes van Dijk

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30 en aanddiens om 17:00**
**Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND:** Ons is dankbaar dat Prof Callie vanoggend die diens kan waarneem. Ons bid hom die seën van die Here toe op die woordverkondiging.

**Woordbediening:** Handelinge 17.
**Sing:** Psalm 147:1, 2; Psalm 145:1, 2, 3; Skrifberyming 12-2:1, 2, 3, 4, 5; Psalm 38:1, 8; Psalm 103:10, 11; Psalm 81:1, 3.
**Sing met meelewing:** Psalm 134:4.

**AAND: Woordbediening:** Psalm 51, Romeine 5:12-21.
**Fokusverse:** Psalm 51:7
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3&4, paragraaf 2.
**Tema:** Die erfporsie van die gevalle mens.
**Sing:** Psalm 26:1, 5 (tweede melodie); Psalm 117:1; Psalm 51:3; Psalm 106:1, 3, 19;
Psalm 106:20 (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Teologiese Studentekas*
**VANAAND**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
**Volgende week:** Spesiale kollekte is vir *Emeritaatsversorging*

**Onthou die"aanddiens" om 5 namiddag**

## EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Ds. Koos Mouton (emeritus van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos, voorheen van GK Potchefstroom-Mooirivier) sal vanmiddag om 15:30 in die erediens in die kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Ouderlinge Nelis Coetzee en Flip Mostert sal die toesigbeurt waarneem.

# LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

## VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Charles Reynecke** is steeds in Mediclinic. Daar is wel beterskap, waarvoor ons ons troue Verbondsgod dank en loof. Die Dokter verwag dat hy teen Dinsdag ontslaan kan word. Ons verseker Charles en Elsa en hulle dierbares steeds van ons voorbidding vir volkome genesing. Woensdag was daar geringe beterskap. Hy het egter 'n terugslag gehad en toe ek vanoggend daar was, was hulle op die punt om hom weer na hoë sorg oor te plaas met ernstige longinfeksie. Ons dra hom en Elsa en hulle dierbares aan die sorg en genade van ons hemelse Vader op.

**Piet en Karen Aartsma** moes hulle huis ontruim maar gelukkig is hulle huis op pale gebou en het geringe skade opgedoen nadat die Vaalrivier sy walle oorstroom het. Die grondpaaie is egter erg verspoel maar die boere is al besig om dit te herstel. Ons dink aan hulle in ons gebede. Piet en Karen beplan om binnekort hul seun in Australië te besoek

**Thinus en Sonja Venter** (wat voorheen lidmate van die gemeente was) se huis is geheel en al oorstroom en hulle kon slegs enkele besittings betyds red, toe die Renosterrivier tussen Potchefstroom en Viljoenskroon sy hoogste vlak in menseheugenis bereik het. Ons dra Thinus en Sonja in ons gebede op aan die sorg en liefde van ons hemelse Vader. Ons verseker ook ons broers en susters wat eiendomme teen die Vaalrivier het, van ons voorbidding vir hulle.

## MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

## DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

## HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

**Vandag** 4 Mei **Koos en Ina Roos** 57 jaar getroud en

Maandag 15 Mei **Koos en Susan Nortjé,** 41 jaar getroud.

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak | | | | |
| So | 04/05 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan<br>Ds JF Mouton | Kapel |
| | | 18:00 | Diakonie vergader | Konsistorie |
| Di | 06/05 | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | Kapel |
| **Wo** | **07/05** | **09/30** | **RIBBURGERS** | Kerksaal |
| | | 18:00 | Bybelstudie: 1 Korintiërs, Studie 1 | Konsistorie |
| | | 08:30 | Hoërskool Katkisasie Les 10 | Bovertrek |
| So | 11/05 | 09:30 | Voorbereidingsdiens vir die die Nagmaal | |
| So | 11/05 | 10:50 | Laerskool Katkisasie Les 10 | Bovertrek |
| | | 18:00 | Kerkraad en Diakonie vergader<br>Kerkraad verslagvergadering | Kerkgebou<br>Kerkgebou |
| So | 18/05 | | **NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE** | |

| KATKISASIE | Sondag 11 Mei 2025 | Sondag 25 Mei 2025 |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 10 | Les 11 |
| **Lesrooster:** | Les 10 | Les 11 |
| **Psalmvers:** | Psalms 38: 1, 17 & 42:1, 5 | Psalms 45: 1 en 16 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 10 | Sondag 11 |
| **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)** | Twaalf Artikels | Twaalf Artikels |

**BYBELSTUDIE**

- Dinsdag 6 Mei om 15:00 in die Kapel by Huis Eikelaan.
- Woensdag 7 Mei om 18:00 in die Konsistorie

**EREDIENSTYE: HERFS EN WINTER**

Die kerkraad en diakens het op Sondag 30 Maart besluit dat voortaan, vir die tydperk van **Mei tot Augustus** elke jaar, die aanderedienste met 'n uur vervroeg word en om 17:00 op Sondae-middae sal plaasvind. Die besluit tree op **vandag** Sondag 4 Mei 2025 in werking.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes op reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

## VAN ONS SUSTERS

### PANNEKOEK BAK

Die Sustersbestuur wil graag elke suster in ons gemeente bedank vir al die hulp met die pannekoek-bakkery!



Elkeen wat gebak het
Elkeen wat suiker gestrooi en gerol het
Elkeen wat die geld behartig het
Elkeen wat 'n donasie in watter vorm ookal gegee het
Marlise Stoop wat vir ons al die uitrusting geleen het en al die raad en wysheid gedeel het
Anita Stavast, wat die reëlings vir hierdie poging op haar geneem het en dit puik georganiseer het!
Geen moeite was te groot nie!
Jy is 'n staatmaker!

*Alta Pretorius*

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



## PANNEKOEK BAK



Wat 'n wonderlike en geseënde dag was dit nie gewees nie.
Vroegoggend al het die reuk van pannekoek wat gebak word in die lug gehang.
En, was ons nie besig gewees met pannekoek bak, kaneelsuiker strooi en oprol.
'n Paar honderd pannekoeke verkoop? Maklik.
Teen 13:00 was ons deeg vir die dag opgebruik.

*Wymie du Plessis*

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).